U3A STILBAAI

VOORSITTER SE VERSLAG : 2022

INLEIDING

Die beperkings op vergaderings en byeenkomstes ingestel tydens die Covid-19 pandemie is verslap en gedurende die jaar opgehef, en ons kon weer normale aktiwiteite hervat. Teen die tweede helfte van die jaar het meeste van ons aktiwiteite weer hervat, sommige in 'n effens anders formaat. Bywoning by maandelikse vergaderings het teen jaareind dieselfde getalle gehad as voor die Covid beperkings.

LIDMAATSKAP

Teen die einde van die jaar is ons ledetal 321, soortgelyk as die jaareind ledetal die afgelope jare. Ons verloor 'n aantal lede die begin van elke jaar, maar nuwe lede sluit weer aan. Die afgelope vier jaar se rekords wys dat ons totale lidmaatskap wissel tussen 300 en 340 elke jaar.

FINANSIES

Ons finansiële state word apart ter tafel gelê, die stand van ons finansies is gesond en dit is nie nodig dat ons ledegelde verhoog nie.

Ons eindig die jaar met 'n tekort op Inkomste van R4 924.22. Die rede hiervoor is 'n donasie van R10 000 aan Jagersbosch as bydrae tot 'n kragrugsteunstelsel wat hulle aangekoop het en wat ons nou in staat stel om die projektor en klankstelsel in Die Waenhuis tydens beurtkrag onderbrekings te gebruik. Ten spyte van die tekort is netto bates op 31 Desember 2022 R20 610.60, en die bankbalans was R9 535.60.

MAANDELIKSE PRAATJIES

Gedurende die jaar is 11 maandelikse praatjies aangebied. Tydens die eerste aantal maande was die Covid-19 beperkings nog in plek en ons kon net 50 mense in die saal toelaat, maar teen die tweede helfte van die jaar is die beperkings opgehef en ons kon weer onbeperkte getalle toelaat. Die bywoning by ons Oktober praatjie was 90 mense en by die November praatjie 110.

Die maandelikse praatjies vir 2022 is hieronder gelys.

2022	Spreker	Titel van Praatjie
Januarie	Dr Deon Begemann	Die Stilbaai muggie: Deel II.
Februarie	Dr André van Tonder	Kusingenieurswese in perspektief.
Maart	Dr Pieter du Toit	Reis in Tibet.
April	Derek Odendaal	Die wonderlike Sederberge.
Mei	Karel Nel	Samesweringsteorieë.
Junie	Prof Johan van Staden	Die lewe en werk van Lise Meitner: Die splyting van die atoom.
Julie	Dr Marié Heese	Hoekom skryf mense historiese romans?
Augustus	Adv Sam Maritz, SC	Uit die Vuis – ervarings van 'n Senior Advokaat.
September	Dr Johan Buys	Pare, Huwelike en Wiskunde.
Oktober	Dr Jan de Vynck	Suid-Kaap nabye kus mariene ekologie en die langtermyn verhouding met mense.
November	Niel van Wyk	Stilbaai in die ou dae – 'n bietjie geskiedenis en 'n aantal herinneringe.

Ons hartlike dank aan al die sprekers vir hul moeite en toegewydheid met die voorbereiding van die praatjies.

GROEPE

Groep aktiwiteite is ernstig ingekort tydens die Covid-19 beperkings, maar aktiwiteite het geleidelik na normaal teruggekeer. 'n Nuwe groep is ook geskep, die Botaniese Stapgroep wat inheemse plante identifiseer en bestudeer tydens stappe in die veld.

Aandele groep: Die Aandele Groep bestaan uit ongeveer twaalf lede en gemiddeld het agt persone elke byeenkoms bygewoon. Byeenkomste vind een keer elke twee maande plaas.

Lede leer bymekaar en besprekings dek 'n wye veld oor alles wat beleggings en veral aandelebeleggings raak. Aspekte rakende waardasievlakke, vooruitsigte van aandeelpryse, prys-verdienste verhoudings, stand van markte, beleggingsstyle, ens. word bespreek. Die hoogtepunt was dat die groep se aandeelkeuses met gemiddeld 12,1% gegroei het ten spyte van 'n dalende of beermark. Die aandeel wat die beste gevaar het, naamlik Grindrod het met 110% gestyg in 2022.

Sameroeper: Deon Grobler.

Astronomie groep: Die groep het gereeld astronomiese verskynsels op hul WhatsApp groep gedeel. Die internet maak dit moontlik om lede vroegtydig te waarsku as daar iets interessant is om te aanskou soos die internasionale ruimtestasie se verbyvlugte oor Stilbaai, maansverduisterings, komete en spesiale groeperings van die planete.

Die weer het dit vier keer moontlik gemaak om fisies by Deon se huis saam te kom om deur 'n teleskoop na die maan, planete, sterre en sonvlekke te kyk. Die groep het 28 lede, waarvan 9 aktief betrokke is.

Sameroepers: Deon & Ronelle Begemann.

Botaniese Stapgroep: Die groep het verskillende habitatte in Stilbaai verken, van kalksteen tot strandveld, en ook bedreigde soutmoerasse en voorduine. Die hoë vlak van endemisme van ons flora en die groot aantal rooi-data spesies in hierdie mosaiek van plantegroei is beklemtoon deur die interkonneksies in ons natuurwêreld uit te beeld. Twee tema stappe het oor parasitiese plante en indringerplante onderskeidelik gehandel.

Aan die einde van elke staptog word 'n fotografiese rekord van die internet afgetrek en aan die groep gestuur. Lede word aangemoedig om hul eie fotos en vrae in te stuur.

Die baie droë toestande het 'n negatiewe effek op die bloeityd van orgideë en baie ander spesies gehad. Christina hoop dat toestande volgende jaar beter sal wees. Dit was 'n kort jaar vir die groep want hulle het maar op 13 September begin, maar is reeds 'n goeie interaktiewe groep.

Daar is tans 17 mense in die groep, gemiddeld is daar 10 by elke stappie.

Sameroeper: Christina Mars.

Fotografie groep: Die jaar 2022 was 'n verbetering op die twee vorige jare weens verslapping en latere opheffing van Covid-19 beperkings. Met 24 lede, meeste betrokke by die groep se aktiwiteite, het die groep 11 maandelikse vergaderings gehad en kon die groep R471 bydrae tot U3A se begroting. Daar was uitdagings as gevolg van die impak van beurtkrag. Die 'tema konsep' as persoonlike uitdagings is goed ontvang met baie interessante en stimulerende uitslae .. wel gedaan aan die groep wat so innoverend opgetree het.

Die groep waardeer die gebruik van Die Waenhuis vir hul maandelikse vergaderings aangesien dit sentraal en akkommoderend is. 'n Interessante aspek van die lede samestelling is die migrasie uit Stilbaai uit vir besoeke aan familie elders in Suid-Afrika en ook soms oorsee. Dit beteken dat die groep nuwe materiaal kan vertoon en bespreek.

Die groep sien uit na nog 'n jaar van geleenthede om hul vaardighede te toets, die apparaat te geniet, om interessante onderwerpe te bespreek en in die algemeen waardeer wat hulle rondom hul sien.

Sameroeper: Richard Webb

Neuro-wetenskap Zoom groep: Die groep bestaan uit 125 lede van U3A's oor die hele Suid-Afrika waarvan 25-45 inteken vir die lewendige zoom sessies; veel meer kyk op hul eie tyd na die video. Kennis van die sessies word elke maand aan ons eie groeplede, en al die U3A's in Suid-Afrika gestuur en ook aan U3A Kaapstad lede. Die uitnodigings bring nuwe U3A lede na elke sessie.

Die 2022 onderwerpe is altyd leersaam en kan besigtig word op die volgende skakel: » Klik hier

Die groep het Eensaamheid, Prokrastinasie, Angs, Hoop, Persepsies en veel meer bespreek. Elke keer word 'n wye reeks sienings en navorsing oor elke onderwerp uit die velde van Neurowetenskap en Gedragswetenskap, voorgelê. Gassprekers het voorleggings oor "Journaling" (Esmé Goldblatt), en oor "Psychohistory and transgenerational trauma" (Helene Lewis, MSc Sielkunde) gemaak.

Hierdie groep deel inligting wat 'n ware impak op mense se lewens het.

Dankie aan U3A Kaapstad en Esmé Goldblatt wat die forum onderhou.

Sameroeper: Jenni Sharkey

Stapgroep: Die Stap-groep het ‘n wonderlike stap jaar beleef en heelwat nuwe roetes is ontdek. Van die moontlike **47** stap dae is slegs **3** dae gekanselleer weens ongure weer. ‘n Totaal van **1,401** stappers het gedurende die jaar saamgestap met ‘n gemiddelde van **32** per geleentheid.

‘n Totaal van **377 km** is gedurende die jaar gestap. Die groep het ook ‘n aantal uitdagende roetes aangedurf waarvan die hoogtepunte:

- **Sleeping Beauty** deur **34** stappers op 16 September aangepak en **17** die kruin bereik het.
- Die uitdagende **Blombos na Jongensfontein** roete wat deur **22** stappers op 11 November voltooi is.

Die stapgroep het ook twee keer gedurende die jaar na ‘n oggend se stap gebraaide worsbroodjies geniet en lekker saam gekuier.

Die jaar het op ‘n hoogtepunt afgesluit met die baie gewilde Geelkransroete met **56** stappers, die meeste per geleentheid.

Sameroeper: Karl-Heinz Niemand

Voëlgroep: Die Voëlgroep is weer ten volle aktief nadat al die beperkings as gevolg van die Covid-19 pandemie opgehef is. Die aktiwiteite van die groep in 2022 word hieronder uiteengesit aan die hand van die Voëlgroep se doelwitte.

Bevorder die bewusmaking en bewaring van die voëls in ons omgewing en skep geleenthede vir mense om hulle ondervinding en kennis met ander te deel deur die:

- Organisering van aanbiedings/praatjies/lesings – Drie byeenkomste is gehou met foto aanbiedings van voëls deur lede van die groep, asook een lesing oor die identifikasie van die swaels en windswaels van Hessequa en ‘n tweede oor die identifikasie van die tinktinkies en klopkloppies.
- Aanbieding van voël-identifikasiekursusse vir beginners, sowel as meer gevorderde kursusse oor “Klein Vaal Voëltjies” en diesulkes – Twee beginnerskursusse is aangebied, asook twee kursusse oor die identifikasie van die lewerikke en koesters van Hessequa.
- Organisering van voëluitstappies – Die kort plaaslike uitstappies het weer in September begin en vier uitstappies is gehou.
- Ondersteuning van die Suider-Afrikaanse Voëlatlas projek deur gestruktureerde atlaswerk in Hessequa – Die atlassers van die Voëlgroep het die sistematiese seisoenale opnames in Hessequa voortgesit en het hulle selfgestelde doelwitte almal suksesvol afgehandel.
- Ondersteuning van die “Virtual Museum” deur die indien van fotos van voëls, soogdiere, reptiele, naaldekokers en waterjuffers en nog meer – Lede van die Voëlgroep het minstens 2 500 fotorekords gedurende die jaar ingedien.

Sameroeper: Krysia Stenvert.

Afsluiting: Dankie aan al die groepleiers vir die moeite en tyd wat julle so vrygewig insit om te verseker dat jul groep se aktiwiteite voortgaan.

UITSTAPPIES

Geen uitstappies is hierdie jaar gereël nie, hoofsaaklik omdat die Covid-19 beperkings nog in plek was vir die eerste helfte van die jaar.

DANKBETUIGINGS

Ons dank aan Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis vir ons vergaderings.

Dankie ook aan die Komitee vir hul ondersteuning en harde werk om die sukses van U3A Stilbaai te verseker.

Ter afsluiting wil ek julle, ons lojale lede, bedank vir jul ondersteuning en entoesiasme. U3A Stilbaai behoort aan julle. Sonder julle sou ons nie hier wees nie. Dankie almal.

Niel van Wyk
Voorsitter: U3A Stilbaai
10 Januarie 2023